# Reformasie van ons Middelbare-Skoolkurrikulum

Die inhoud van die middelbare onderwys geniet deesdae weer die aandag van opvoedkundiges. Aangesien die ontwikkeling van die maatskappy tot 'n groot mate gestalte vind in die skole waar die kultuuroordrag hoofsaaklik plaasvind, spreek dit vanself dat konstante toetsing van die omvang en peil noodsaaklik is.

Ook die Suid-Afrikaanse volk staan in die maalstroom van wisselende waardebepalings en soek tans na middele om die voortbestaan van 'n bepaalde kultuurpatroon te verseker. Daarteenoor het ons in die huidige middelbare onderwys 'n stelsel wat nie tred hou met die behoeftes van die tyd nie. Verskillende verslae van kommissies het nou reeds al die aandag op die veranderende behoeftes gevestig, en die publikasie van die „verslag van die oorsese sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys" deur die Transvaalse onderwysdepartement het onlangs weer die lig laat val op hierdie probleem. Tewens, ek beskou hierdie verslag as van besondere waarde omdat daarin die beginsel van departementele leiding oor die samestelling van 'n leergang ( kurrikulum ) as 'n onontbeerlike element in die middelbare onderwys geprojekteer word. Tot 'n groot mate word die skema deur die Transvaalse Direkteur van Onderwys in die uitwerking van hierdie studie gevolg, met m. i. noodsaaklike aanvulling.

Die vorming van 'n leergang (kurrikulum) vir die middelbare onderwys geskied volgens *drie* opvoedkundige beginsels nl. *indoktrinasie*, *integrasie* en *differensiasie*.

Onder indoktrinasie word hier bedoel die doelbewuste en gesistematiseerde kultuuroordrag van die volwasse geslag aan die opgroeiende of onvolwasse geslag. Die beskawingsinhoude word gekies en na waarde georden deur die gemeenskap binne wie se geledere die ou-volwassenes hulle bevind. Dit spreek vanself dat die volgende faktore 'n belangrike rol speel in die seleksie van die kultuurmateriaal: die nasionale, godsdienstige, maatskaplike kulturele en ekonomiese oriëntering van die kultuur-gemeenskap. 'n Volk kan hom nie losruk van sy geskiedenis nie; daarom wil en moet hy sekere historiese feite aan die nageslag oordra. Die godsdienstige erfenis weer dwing mense om die lewe in 'n bepaalde kleur te sien, wat so waardevol is dat opofferings ter wille daarvan gedoen word. Die inrigting van die maatskappy, met sy voorregte en verpligtings, stel die eis van 'n uitgebreide kennis van sosiale instellings en waardes, veral in 'n demokratiese land. Maar 'n volk wil terselfdertyd sy beskawingspeil en verworwe kultuur bewustelik handhaaf en stimuleer. Die ekonomiese niveau waarop 'n volk lewe skep ook ernstige probleme tensy elke indiwidu toegerus is met 'n sekere basiese kennis.

Hieruit blyk dus dat 'n gemeenskap nie sommer na willekeur onderwys kan laat gee aan die nageslag nie. *Die onderwys moet 'n vaste patroon hê wat die inhoud betref: dit is indoktrinasie in die goeie sin van die woord.* Daarsonder kan geen gemeenskap voortbestaan nie. Volgens die vereiste van indoktrinasie in die Suid-Afrikaanse skole moet daar 'n *sekere mate van verpligte skoolvakke wees in die middelbare onderwys.* En hierin moet die departemente van Onderwys leiding gee soos dit in die onlangse rapport oor gedifferensieerde onderwys ook geskied het.

Die tweede beginsel by die samestelling van 'n leergang (kurrikulum) is integrasie. Uit 'n magtige hoeveelheid materiaal word nou 'n bepaalde seleksie gemaak. Dis die opvoedkundige baan waarop die onvolwasse leerling geplaas word. In sy onvolwasse toestand kan die leerling die groot eenheid in die lewe en kultuurmateriaal nie oorsien nie en aan hom word klein onderdeeltjies van kultuuroordrag aangebied. Dit is dus die plig van die samesteller van 'n leergang om so te werk te gaan dat die leerling bewustelik en onbewustelik 'n eenheid in sy kursus kan besit en mettertyd kan aanvoel. Dié persoonlikheid van die kind moet nie deur die uiteenlopendheid en selfs onversoenbaarheid van kultuurmateriaal in gedrang en

spanning gebring word nie, maar liewers moet die kultuurmateriaal 'n belangrike rol speel in die finale vorming van die adolessente persoonlikheid. Prakties sou dit daarop meerkom dat die studievakke in 'n onderlinge eenheid gesmee word in ooreenstemming met die aanleg en talente van die leerling. Die brokke kultuur wat in die afsonderlike vakke begrepe is moet êrens in die kind se *skool-loopbaan by mekaar kom en 'n eenheid van lewens-visie bied: integrasie is dus die eenheidsbeeld waartoe die leerling deur die kultuuroordrag kom in ooreenstemming met sy persoonlikheids-eienskappe.*

Die beginsels van differensiasie geniet vandag besondere aandag. Dis of die opvoedkundige van die twintigste eeu eers tot die ontdekking gekom het dat elke kind 'n indiwidu op sy eie is en verskillend is van die volgende. Die toepassing van hierdie beginsel vind weerklank in verskillende aspekte van die skoollewe, maar veral ook in die samestelling van 'n leergang. Die kultuuroordrag van die skool geskied deur die skoolvakke en die keuse daarvan deur die leerlinge sal afhang van: 1) persoonlike aanleg en talent en 2) die toekomsideale van die leerling. Dit is miskien 'n gemeenplaas, maar die volgende sake is meer problematies: 1) Wie moet die vakke kies: die leerling, die ouer of die skool deur sy hoof, personeel en voorligtingsbeampte? 2) Moet daar 'n vrye keuse wees of sekere vakgroepe? Hierdie vrae sal ons later probeer beantwoord.

Dan is daar nog twee aspekte van differensiasie wat nie altyd beklemtoon word nie en selfs in ons middelbare onderwys verontagsaam word: 1) moet alle leerlinge juis ewe veel vakke neem en 2) moet die vakke vir alle leerlinge en vir alle rigtings op dieselfde peil en met dieselfde inhoud onderrig word? Dit is m.i. die twee belangrikste vrae vir die Suid-Afrikaanse opvoedkundiges van vandag.

Met voorafgaande algemene en prinsipiële stellinge wil ons nou graag kortliks die huidige leergang in ons middelbare skool bespreek om dan oor te gaan tot die samestelling van 'n tentatiewe leergang.

Die huidige leergang is grotendeels nog die erfenis van die ou matrikulasie-leergang van die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop en sy opvolger die Matrikulasieraad. Gedurende die loop van jare is in die verskillende provinsies aanpassings gemaak, maar die patroon bly nog min of meer dieselfde. Die eise van 'n ontwikkelende gemeenskap het hulle wel laat geld maar alleenlik by wyse van toegewing. Die land van herkoms van hierdie stelsel het egter sedertdien 'n algehele hervorming teweeggebring. Die

,,General Certificate of Education Examination" lyk vandag *prinsipieel* anders as sy weerga in Suid-Afrika. 'n Ander stelsel word ook gevolg in Nederland, van wie ons veral in die vroeëre Suid-Afrikaanse geskiedenis 'n stuk erfenis ontvang het.

Die eerste wesentlike verskil tussen die leergange in Engeland en Nederland aan die een kant en in Suid-Afrika aan die ander kant is die handhawing van die beginsel van indoktrinasie. Dit word aanvaar dat die skool seker kennis moet aanbring by wyse van verpligte vakke. Dit kan maar nie aan die willekeur van leerlinge, ouers of selfs onderwysers oorgelaat word om vryelik sonder inagneming van basiese kennis vakke te kies nie. In hierdie opsig moet daar 'n kentering in die Suid-Afrikaanse onderwys kom. Daarom is die onlangse rapport oor gedifferensieerde onderwys 'n verblydende teken. Die basiese vakke wat daar genoem word is nie baie aanneemlik en word in 'n latere skema net so oorgeneem. Dit sal die probleem van sekere vakgroepe (soos bv. geskiedenis) ondervang en sal 'n hegte fondament vir verdere oordrag van kultuur verseker. Hierdie vaste vorm laat 'n geringe keuse in die eerste jaar toe met uitbreiding in die tweede en derde jare van die hoërskool. Daarmee is dan die volgende mylpaal na die laerskool bereik. Gedurende die laaste twee jaar behoort spesialisering plaas te vind en moet die keuse volgens *ander prinsipes en nie deur verpligting geskied nie.*

Die keuse van vakke waarin daar wel 'n keuse gegee word gedurende die eerste drie jaar moet aan 'n baie grondige studie onderwerp word. Die volgende vraag sal daarby 'n rol speel: Is daar miskien nog basiese vakke wat nie in dié ry van verpligte vakke opgeneem is nie? M.i. vereis die beginsel van indoktrinasie dat aan die boonste en middelmatige intellektuele groep kinders ons 'n kursus in die herkoms en fondamentstene van die Westerse beskawing (en dus fundamenteel vir al sy beskawingsvorms) moet aanbied, en dit kan gedoen word in die vak Latyn. Dit moet egter as kulturele vak en dus nie bloot linguïsties aangebied word nie, en dit geld net vir die hoogste en middelmatige intellektuele groep. Gedurende die eerste drie jaar kan die leerlinge van hierdie groepe dan soveel kennis opdoen om as basis te dien vir enige ander studierigting daarna.

Verder is daar Duits en Frans, twee kultuurtale wat vir die Suid-Afrikaanse kind van die toekoms onontbeerlik is en as 'n stimilus vir prestasie in eie taal en literatuur kan dien.

'n Allerbelangrikste beginsel by die verdere keuse is die aanleg en ideale van die leerling. Die bepaling en vorming daarvan is 'n besondere taak vir die laerskool in samewerking met die ouers. Dit sal 'n nuwe en pragtige

verpligting op ons laerskole lê: die aanbeveling met behulp van toetse en ander waarnemings. In die hoërskool word die leerling dan op 'n vaste baan geplaas: *daar is dus 'n keuse van studierigting maar geen vrye keuse van vakke nie.* Die onderwys-outoriteite stel vas met behulp van alle moontlike middele en samewerking van alle belanghebbende partye wat die inhoud van 'n bepaalde studierigting sal wees. Tentatief sou ek die volgende rigtings onderskei: 1) die tale, 2) die sosiale, 3) die natuurwetenskaplike, 4) die kommersiële, en 5) die tegniese rigting. Met aanbevelings uit die laerskool en met waarneming in die eerste klasse van die hoërskool kan 'n leerling dan op 'n baan geplaas word wat vir hom die interessantste en voordeligste is. Gedurende die eerste drie jaar sou ek 'n gemeenskaplike basis voorstel wat intellektuele groepe I en II betref en eers na die derde jaar die paaie finaal uitmekaar laat gaan. Dit verseker ook 'n deeglike en betroubare waarneming van die leerling se aanleg en ideale.

Gedurende die laaste twee jaar vind differensiasie op volle skaal plaas. Die tale-rigting kan nog onderverdeel word in ou en moderne tale, sodat daar eintlik ses rigtings is. Die hoofvakke word vir elke rigting bepaal, maar daarby neem die student, behalwe Afrikaans en Engels, nog byvakke op *laer basis.* Dit bring dan hierdie beginsel mee dat na Std. VIII elke vak 'n A en 'n B-leerplan het, d.w.s. as hoofstudierigting (A) en as ondersteunende vak (B). Die aantal periodes per week vir 'n A-kursus is van agt tot tien en vir 'n B-kursus nie meer as twee of drie nie (Engels as tweede taal uitgesonderd). Dit is baie duidelik dat so 'n stelsel die peil van die hoofstudierigting aansienlik sal verhoog en nogtans beter sorg vir ondersteunende vakke as die huidige stelsel. Differensiasie kom op dié wyse tot sy volle bloei, terwyl integrasie gehandhaaf word vir die eenheid wat die studierigting ten grondslag lê.

'n Verdere logiese konsekwensie hiervan is dat die skooleind-eksamen rekbaarder gemaak moet word, soos ons dit vandag vind in die „General Certificate of Education", waar selfs net een vak erken en gesertifiseer word. Ons landsomstandighede en onderwysgeskiedenis in aanmerking nemende, sou ek graag wil voorstel dat 'n minimum van vier en 'n maksimum van agt vakke vir ons skooleind-eksamens erken word. Dit bring differensiasie nog tot verdere roem: want die verskil in vermoë by leerlinge word daardeur tereg erken ook by die eindeksamen sonder om enige skade te doen aan die toekomstige werkgewer, wat tog net belang stel in bepaalde hoedanighede van die werknemer. Universiteite sal natuurlik, net soos elders, hulle eie vereistes stel, maar dit is hier nie ter sprake nie.

Die voordeel van so 'n rekbare skooleindeksamen sal wees dat die minder begaafde leerling gedurende die laaste twee jaar van sy skoolloopbaan sonder die stremming van 'n vir hom onmoontlike vak kan konsentreer op die hoofrigting wat sy belangstelling het en waarvoor by die nodige aanleg het, terwyl die besonder begaafde leerling 'n wyer studie kan doen volgens sy vermoë en tot toekomstige voordeel vir hom.

Suid-Afrika is in 'n gunstige posisie om hierdie doeltreffende differensiasie in een skool uit te voer, terwyl dié tradisie in Europa en Engeland 'n verdeling van skole vereis. Vandag is dié strewe selfs ook daar om die verskillende studierigtings weer onder een dak te bring, soos bv. die „Comprehensive School" in Engeland en Lyceum in Nederland.

Met voorafgaande beginsels ten grondslag sou ek in alle beskeidenheid die volgende tentatiewe leergang (kurrikulum) voorstel vir intelligensiegroep I en II (groepe III en IV vereis 'n heel besondere aanpassingsleergang).

| Std. VI | Std. VII | Std. VIII |
|---|---|---|
| **Verpligte vakke** (volgens aanbeveling kommissie oor gedifferensieerde onderwys). | | |
| Godsdiensonderrig | Godsdiensonderrig | Godsdiensonderrig |
| Moedertaal | Moedertaal | Moedertaal |
| Tweede Taal | Tweede Taal | Tweede Taal |
| Algemene Wiskunde | Geskiedenis | Geskiedenis |
| Geskiedenis | Algemene Wetenskap | Algemene Wetenskap |
| Aardrykskunde | Bedryfskennis/Huisvlyt | Bedryfskennis/Huisvlyr |
| Algemene Wetenskap | Liggaamlike Opv. | Liggaamlike Opv. |
| Bedryfskennis/Huisvlyt | Musiek en M-waardering | M. en M-waardering |
| Liggaamlike Opvoeding | Kuns- en K-waardering | K. -en K-waardering |
| Gesondheidsleer | Beroepsvoorligting | Beroepsvoorligting |
| Musiek- en Musiekwaardering | Bantoekunde | Bantoekunde |
| Kuns- en Kuns-waardering | | |
| Beroepsvoorligting | | |
| Bantoekunde | | |

**Keusevakke**

| | | |
|---|---|---|
| Latyn (3 per p.w.) | Latyn (5 per p.w.) | Latyn (5 per p.w.) |
| | Duits (3 per p.w.) | Duits (3 per pw..) |
| | Wiskunde (3 per p.w.) | Wiskunde (4 per p.w.) |
| | Aardrykskunde (2 per p.w.) | Frans (2 per p.w.) |

Stds. IX en X

**Verpligte vakke.**

Godsdiensonderrig.
Moedertaal
Tweede Taal
Liggaamlike Opv.
Beroepsvoorligting.

**Keusevakke.**

(I) *Taalrigting.*

| (a) *Ou Tale* | (b) *Moderne Tale* | (II) *Sosiale Studie* |
|---|---|---|
| Latyn A | Duits A | Geskiedenis A |
| Grieks | Frans A | Aardrykskunde A |
| Duits B | Latyn B | Duits B |
| Frans B | Geskiedenis B | Frans B |
| Gesk. B | Aard./Wisk. B | Latyn B |
| Aard. B/Wisk. B | Grieks/Nat. B | Wisk./Nat. B |

| (III) *Natuurwenskaplike rigting* | (IV) *Kommersiële rigting* |
|---|---|
| Wiskunde A | Boekhou A |
| Natuurkunde A | Rekene A |
| Chemie A of B | Tik- en Snelskrif A |
| Biologie of Fisiologie B | Handel |
| Duits B | Wiskunde A of B |
| Frans B | Duits B/Frans B |

(V) *Tegniese rigting.*

Tegniese vakke met Rekene B en Boekhou B.

Onmiddellik wil ek toegee dat bogenoemde skema met verdere studie en vakkundige kritiek verbeter kan word. Dit gaan hier egter om die algemene beginsels waarvan die skema net illustratief wil wees. Die volgende voordele moet nogtans erken word: 1) Daar is 'n koers op 'n bepaalde baan vir elke leerling volgens sy aanleg. 2) Daar is geen bont en onsinnige keuse van vakke nie, d.w.s., integrasie en vergemakliking van díe rooster. 3) Daar word rekening gehou met die pretsasie-vermoë van elke kind. 4) Die kind kan reeds al van Std. VI af aandag gee aan bepaalde vakke en hoef dus nie eers 'n jaar van proef deur te maak nie. Dis juis in hierdie opsig waar die Suid-Afrikaanse leerling 'n agterstand by sy Europese kollega opdoen. 5) Die A-kursusse verseker 'n hoër standaard as wat vandag behaal word, terwyl die B-kursusse nodige ondersteuning verskaf maar tog die leergang vestig deur die leerplan se kleiner omvang, 6) Dit beklemtoon die waarde van *'n kennis van moderne tale* en doen weg met die dwase keuse tussen Latyn en Duits. (Die skuld van hierdie keuse moet aan die voete van die eerste Matrikulasieraad in 1918 gelê word). 7) Die vreemde tale word nie gelyktydig begin nie. 8) Dit verseker 'n ware kultuuroordrag deur die *bestendiging* van kultuurvakke waar dit oorwegend behoort te wees. 9) Dit sal ons hele middelbare onderwys stimuleer en allerhande probleme in verband met vakkeuses finaal oplos.

Die funksie en omvang van die leerplanne van die verskillende vakke kan veilig in die hande van die vakonderwysers gelaat word. Vir die bouer van die toekomstige kultuurdraers sal dit egter 'n aangename gedagte wees om te dink dat hoewel sy vak gedurende die eerste drie jaar aan 'n algemene en geïntegreerde program onderworpe is, daar 'n hoogtepunt in die A-kursusse gedurende die laaste twee skooljare lonk. In die hande van 'n skoolhoof met inisiatief en vakonderwysers met idealisme kan 'n dergelike leergang nuwe visie en slaankrag in ons onderwysstelsel bewerkstellig, *en produkte lewer wat baie gunstig met dié van Europa en Amerika kan vergelyk.*

W. N. COETZEE.